# "Die vrees van die Here" as 'n sentrale begrip in Bybelse wysheidsliteratuur

J.C.J. Coetzee & H.J.M. van Deventer
Vakgroep Teologie
Vaaldriehoekkampus
Noordwes-Universiteit
VANDERBIJLPARK
Epos: bybhjmvd@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

**"The fear of the Lord" as central concept in biblical wisdom literature**

*This article investigates the issue whether the Old Testament concept "the fear of the Lord" can be viewed as a central concept in wisdom literature from the viewpoint of Old Testament theology. After analysing the concepts that are related to the idea of "the fear of the Lord", certain criteria that a central concept should comply with are listed. The concept "the fear of the Lord" is subsequently evaluated in accordance with these criteria.*

**Opsomming**

**"Die vrees van die Here" as 'n sentrale begrip in Bybelse wysheidsliteratuur**

*Hierdie artikel stel ondersoek in na die vraag of die Ou-Testamentiese begrip "die vrees van die Here" vanuit die oogpunt van Ou-Testamentiese teologie gesien kan word as 'n sentrale begrip – veral in die wysheidsliteratuur. Nadat begrippe wat verband hou met die gedagte van "die vrees van die Here" ontleed is, word sekere kriteria aangetoon waaraan 'n sentrale begrip moet voldoen. Die begrip "die vrees van die Here" word dan vervolgens aan hierdie kriteria getoets.*

## 1. Probleemstelling

Wilson (1995:65) wys daarop dat 'n behoefte bestaan vir 'n deeglike studie van die begrip "vrees van die Here", veral binne die wysheidsliteratuur. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar nog geen

omvattende studie gedoen is aangaande die begrip "vrees van die Here" soos dit na vore kom in die boek Job nie. Wilson (1995:66) wys ook daarop dat geen ondersoek nog onderneem is wat hierdie begrip nagaan met inagneming van die Israelitiese wysheids-agtergrond asook die boek, Job, in sy geheel nie. Die tyd is dus ryp vir 'n herevaluering van die begrip "vrees van die Here" in die lig van die funksie daarvan in die finale vorm van die teks van Job, asook in die ander wysheidsboeke van die Ou Testament. Van Wyk (1989: 559) wys daarop dat verwysings na God en dikwels ook na "die vrees van die Here" in die wysheidsliteratuur as latere byvoegings beskou word. Dit kan nie ontken word dat latere redaksionele toevoegings tot 'n teks gemaak kan word nie. Dit bly egter gewoonlik baie moeilik om die werk van 'n redakteur of redakteurs met 'n hoë mate van sekerheid aan te dui. Van Wyk (1989:559) wys daarop dat dit by die interpretasie van die Bybel uiteindelik gaan om die verstaan van die finale fase van kanonisering. Derousseaux (1970:328) se hantering van die begrip "vrees van die Here" in Job toon die leemte dat hy as gevolg van sy diakroniese raamwerk glad nie aandag aan Job 28:28 en 37:24 gee nie. Hierdie artikel sal om genoemde redes daarom nie 'n diakroniese perspektief volg nie.

In hierdie artikel word gepoog om 'n bydrae tot die veld van Ou-Testamentiese teologie te maak aan die hand van die volgende probleemstelling: Kan die begrip "vrees van die Here" geïnterpreteer word as deel van 'n sentrale begrip in die wysheidsliteratuur van die Ou Testament?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord gaan die begrip "vrees van die Here" eerstens bestudeer word, tweedens sal die belangrikheid van die begrip binne die wysheidsliteratuur bespreek word, derdens sal kriteria voorgestel word waarvolgens 'n sentrale begrip bepaal kan word. Laastens word 'n opsomming gegee van 'n eksegetiese ondersoek na hierdie begrip in die wysheidsboeke Spreuke, Prediker en Job om vas te stel of die begrip "vrees van die Here" binne die wysheidsboeke wel aan die gestelde kriteria vir 'n sentrale begrip voldoen.

## 2. Die begrip "vrees van die Here"

In die Ou Testament kan verskillende betekenisnuanses van vrees geïdentifiseer word (Douglas, 1982:419-420), byvoorbeeld vrees vir mense (Num. 14:9), vrees vir oordeel (Gen. 3:10) en selfs vrees as 'n objek van vrees (Gen. 31:42). Hierdie artikel fokus op die kategorie "heilige vrees" wat Douglas (1982:374) onderskei. "Heilige vrees" vir God stel die mens in staat om God se gesag te erken, sy

gebooie te gehoorsaam en om alle boosheid te haat. Hierdie "heilige vrees" vir God is volgens Douglas (1982:374) die wesenskenmerk van ware godsdiens. Die besef van die heiligheid en verhewenheid van God kan nie anders as om vrees by die mens te wek nie.

Daar is verskillende woorde in die Ou Testament wat met "vrees" vertaal kan word, byvoorbeeld גור, ערץ, פחד (vgl. Lee, 1982:289; Funderburk, 1976: 518-521). Hierdie artikel spits toe op die woord ירא wat verreweg die meeste met "vrees" vertaal kan word. ירא en sy verbuigings word dikwels saam met ander woorde vir vrees gebruik – 'n gebruikswyse wat daarop dui dat dit min of meer die hele semantiese veld van "vrees" dek (Fuhs,1990:295). ירא kan byvoorbeeld gebruik word in die sin van "eerbied", "ontsag", "verwondering", "bewing" "angs", "bewuswording van onheil" en "om moed te verloor" (Douglas, 1982:373; Funderburk, 1976:518; Fuhs, 1990: 295; Stähli, 1971:765-778).

## 3. Die fokus op die wysheidsliteratuur

In hierdie artikel word toegespits op drie wysheidsboeke in die Ou Testament, naamlik Job, Spreuke en Prediker. Daar is ook ander dele van die Ou Testament wat deur navorsers as wysheidsliteratuur beskou word, soos onder andere sekere van die Psalms (vgl. Ps. 1, 9, 32, 37, 73, 91, 112, 127, 119) (Barth, 1991:250). Murphy (1976:456) wys egter daarop navorsers nog verskil met betrekking tot die lys van wysheidspsalms. Verhale soos die gelykenis van Jotam (Rigt. 9:7-15), die Josefvertellings, die troonbestyging van Dawid (1 Sam. 16-2 Sam. 5), asook Rut en Ester word insgelyks as wysheidsliteratuur beskou (Barth, 1991:250).

In hierdie ondersoek word die begrip "vrees van die Here" slegs nagegaan in die drie wysheidsboeke en wel om die volgende redes:

- Na aanleiding van teksgedeeltes soos Spreuke 1:7 en 9:10, Prediker 12:13 en Job 28:28 het navorsers alreeds gevra of "die vrees van die Here" nie as 'n georganiseerde beginsel in die wysheidsteologie beskou moet word nie. Alhoewel persone soos Fohrer (1972:86-91), Høgenhaven (1988:95-97) en Smith (1992: 7) hierdie moontlikheid verwerp het, is daar ander soos Kaiser (1978a:170; 1978b:132-146), Bullock (1979:31), Kidner (1985:17) en Clements (1990:20-21) wat die gedagte wel ondersteun.
- 'n Studie van "die vrees van die Here" spesifiek in die wysheidsliteratuur kan 'n bydrae lewer om hierdie literatuursoort sinvol in te skakel by die res van die Ou Testament. Navorsers het die

wysheidsliteratuur in die verlede afgeskeep wanneer dit kom by die sinvolle insluiting daarvan by 'n teologie van die Ou Testament. Die vernaamste rede hiervoor is dat belangrike elemente wat by ander literatuursoorte aangetref word, nie sterk in die wysheidsliteratuur figureer nie, of selfs afwesig is. Aspekte soos tradisies met betrekking tot die geskiedenis van Israel, die kultus, uitverkiesing, verbond en Israel as volk van God in die wysheidsliteratuur word byvoorbeeld nie vermeld nie. In die boek Prediker ontbreek selfs die verbondsnaam, Jahweh (Martin, 1995:91; Van Wyk, 1989:564). Genoemde gegewens het daartoe gelei dat navorsers die sinvolheid en die belangrikheid van die wysheidstradisie as deel van 'n Ou-Testamentiese teologie negatief beoordeel het (vgl. Vriezen, 1958:71; Fohrer, 1972:86-91). Daar was egter ander soos Von Rad (1975:355-453) en Martin (1995: 92-93) wat wel die wysheidsteologie sinvol probeer inskakel het by 'n Ou-Testamentiese teologie. Høgenhaven het selfs so ver gegaan om die wysheidsteologie as die beginpunt van 'n Ou-Testamentiese teologie te beskou.

## 4. Sentrale begrippe in Ou-Testamentiese teologie

Spangenberg (1992:2) definieer die dissipline Ou-Testamentiese teologie as die ondersoekveld waarvolgens Ou-Testamentiese navorsers poog om die verskillende boeke van die Ou Testament en hulle boodskappe rondom een sentrale begrip te verenig.

In die jongste tyd word egter meesal wegbeweeg van die soeke na 'n sentrum vir die Ou Testament (vgl. Hasel, 1991:160-161). Deurdat die klem tans eerder op diversiteit in die Ou Testament val, word gemeen dat dit nie moontlik is om een sentrale begrip in die Ou Testament te vind nie. Die vernaamste beswaar teen 'n sentrale begrip is dat die Ou-Testamentiese gegewens wat nie by so 'n skema inpas nie, onbevredigend of dalk glad nie behandel word nie (Prinsloo, 1994:362). Die wegbeweeg van die soeke na so 'n sentrum in die Ou Testament kan weer die probleem laat ontstaan dat afbreuk gedoen word aan die eenheid van die Ou Testament.

Dit kan nie onomwonde gestel word dat een of ander vorm van eenheid in die Ou Testament ontbreek nie, maar eerder dat sentrale begrippe wat in die verlede voorgestel is, soms te eng geformuleer is. Eichrodt (1961, 1967) het in die twintigste eeu wegbeweeg van die sistematisering van die Ou Testament volgens die dogmatiese kategorieë wat vroeër gebruik is (vgl. Eichrodt, 1961:32-33). Hy het

gehoop om die eenheidsboodskap van die Ou Testament te kon aanwys deur die verbond as sentrum van die Ou Testament te identifiseer. Kritiek op Eichrodt het veral van Fohrer (1968:161-172) gekom. Hy voer aan dat die verbondsgedagte tussen die 13de en 7de eeu v.C. feitlik geen rol in Israel se godsdiens gespeel het nie. Eichrodt (1967:167-188) het op sy beurt gereageer deur weer die teendeel te probeer bewys. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat alhoewel die verbond 'n belangrike begrip in die Ou Testament is, hierdie begrip nie wyd genoeg is om die totale Ou-Testamentiese boodskap te omvat nie (Hasel, 1991:140).

Daar was na Eichrodt talle ander pogings om 'n sentrale begrip in die Ou Testament aan te toon (vgl. Hasel, 1991:159). Snyman (1994:212) verwys in hierdie verband na onder andere Seebass, Fohrer en Schmidt. Seebass het die heerskappy van God as sentrum voorgestel. Fohrer het gewerk met die dubbele konsep van die heerskappy van God enersyds en die gemeenskap tussen God en mens andersyds. Schmidt het die eerste gebod gesien as onderliggend aan al die elemente van die Ou Testament.

Aangesien die meeste van hierdie voorstelle die begrip "God" ingesluit het, het navorsers soos Ackroyd, Baumgärtel, Deissler en ander gemeen dat *God* as die sentrum van die Ou Testament gesien moet word (vgl. Hasel, 1991:168). Die sentrale vraag wat binne hierdie denkrigting gestel word, is dus wat die Ou Testament oor God sê. Kritiek teen hierdie ontwikkeling sou eerstens wees dat wat die Ou Testament betref, dit gewoon 'n gemeenplaas is dat die Ou Testament as religieuse geskrif oor God handel. Tweedens word God ook nie in die Ou Testament bekendgestel in isolasie van sy volk en die wêreld nie. Prinsloo (1987:40) merk daarom tereg op dat dit in die wetenskap van Ou-Testamentiese teologie gaan om die lewende God in al sy verskillende verhoudinge.

Verder wys Childs (1985:22) in sy bespreking van die openbaringsgedagte daarop dat openbaring nie net oor die oordra van kennis aangaande God gaan nie, maar ook alles te doen het met God se *verhouding* tot sy volk. Verder is dit uit talle van die voorstelle vir 'n sentrale uitgangspunt van die Ou Testament duidelik dat dit 'n element van die verhouding tussen God en sy volk aanraak. Fohrer (1966:198) het byvoorbeeld 'n dubbele konsep, naamlik die regering van God en die gemeenskap tussen God en sy volk voorgestel. Die begrip "vrees van die Here", wat in hierdie artikel onder bespreking is, beeld ook die verhouding tussen God en sy volk uit.

’n Voorstel vir ’n moontlike sentrale begrip vir die Ou Testament wat in wese baie naby aan die begrip “vrees van die Here” kom, is deur Sellin (1936:19) aan die hand gedoen toe hy die heiligheid van God as sentrale uitgangspunt voorgestel het. Tog beklemtoon hy slegs die openbaring van die wese en aard van God en nie die mens in *verhouding* tot die heiligheid van God nie. Die begrip “vrees van die Here” omvat albei die begrippe, naamlik die openbaring van die heiligheid van God, asook die mens in verhouding met hierdie heilige God (vgl. Hasel, 1991:41). Navorsers het ook die sinvolheid daarvan begin insien om nie net op een sentrale begrip te fokus nie, maar om die betekenis van verskillende sentrale begrippe in die Ou Testament te bestudeer (Osborne, 1991:283; Loader, 2000:197).

Dyrness (1979:11-12) stel in sy werk die belangrikste begrippe in Ou-Testamentiese teologie aan die orde. Hierdie begrippe sluit onder andere die volgende in: die selfopenbaring van God, die aard van God, skepping en voorsiening, man en vrou, sonde, aanbidding, van vroomheid en etiek. Hy bespreek ook die begrip “vrees van die Here” onder die begrip “vroomheid”. Hy interpreteer “die vrees van die Here” nie as dat God wou hê dat sy volk moes vrees in dié sin dat hulle gekonfronteer word met iets wat onvoorspelbaar is nie, maar dat hulle moes leef in die nugter besef van wie God is (Dyrness, 1979:162).

Die bestudering van sentrale begrippe in die Ou Testament is sinvol, omdat dit kan lei tot ’n beter verstaan van die kernboodskap van die Ou Testament. Loader (2000:198) wys daarop dat die bestudering van verskillende sentrale begrippe nie beteken dat daar geen kernboodskap in die Ou Testament bestaan nie. Dit is egter belangrik dat hierdie begrippe nie in isolasie bestudeer sal word nie, maar juis in verband met ander sleutelbegrippe in die Ou Testament.

Dit is moeilik om enige begrip as dié “sentrum” van die Ou Testament aan te toon. Hierdie artikel poog om vas te stel of die begrip “vrees van die Here” wel ’n belangrike deel van die kernboodskap van die wysheidsliteratuur is. Die keuse van die begrip “vrees van die Here” is gedoen met dien verstande dat die funksionering van ander belangrike sentrale begrippe in die wysheidsliteratuur nie hiermee ontken word nie. Die doel van die artikel is dus nie om die begrip “vrees van die Here” as die enigste sentrale begrip in die wysheidsliteratuur of selfs die Ou Testament uit te wys nie.

## 5. Motivering vir die keuse van die begrip "vrees van die Here" as moontlike sentrale begrip

Enkele redes waarom hierdie artikel juis op die begrip "vrees van die Here" in die wysheidsliteratuur fokus, word hieronder bespreek.

Dit het reeds in die vorige afdeling na vore gekom dat "die vrees van die Here" moontlik kan aansluit by wat geleerdes as 'n kerngegewe vir die Ou Testament voorstel – in besonder wat die *verhouding* tussen God en mens betref.

'n Beter verstaan van die begrip "vrees van die Here" kan tot verdere insig van die Ou Testament in sy geheel lei. Wilson (1995:59) beskou die begrip "vrees van die Here" as van kardinale belang vir die verstaan van die Ou Testament. Hy noem daarom dat dit verrassend is dat geen standaardmonografie oor die onderwerp al in Engels verskyn het nie. Die belangrikste werke oor die onderwerp, naamlik van Plath (1963), Becker (1965) en Derousseaux (1970) is reeds meer as 'n kwart eeu oud. Wilson beskou dit as noodsaaklik dat hierdie idee van "vrees" van die Here, binne die wysheidstradisie hergeëvalueer word. Vreekamp (1982:2), wat uit die perspektief van die Sistematiese Teologiese skryf, sien die begrip "vrees van die Here" as 'n vergete begrip in die Bybelse teologie en daarom ook in die Sistematiese Teologie.

Die bestudering van die begrip "vrees van die Here" kan moontlik 'n beter verstaan bring van die verbintenis tussen die wysheidsliteratuur en die res van die Ou Testament. Seow (1997:69) meld in 'n bespreking van die teologie van die boek Prediker dat die boek juis as gevolg van die klem op die begrip "vrees van God" in verband met die hoofstroomteologie van die Ou Testament gebring kan word.

Wilson (1995:60) wys daarop dat die probleem wat teoloë ondervind om die wysheidsliteratuur sinvol by die res van die Ou Testament in te skakel, die bestudering van die begrip "vrees van die Here" baie noodsaaklik maak, omrede hierdie begrip prominent in sowel die verbondsgeoriënteerde tekste as die wysheidsliteratuur funksioneer. Sodanige studie is egter nog nie onderneem nie en bestaande ondersoeke oor "die vrees van die Here" is meestal tot die boek Spreuke beperk.

In die lig hiervan moet vasgestel word watter kriteria vir die bepaling van 'n sentrale begrip gebruik moet word, om daarvolgens vas te stel of die begrip "vrees van die Here" wel as 'n sentrale begrip kan dien.

## 6. Kriteria vir die bepaling van 'n sentrale begrip

Eichrodt (1961:36) meld by sy uitwys van die verbondstema as sentrale begrip in die Ou Testament dat hierdie begrip uitdrukking gee aan twee sake: enersyds die band tussen volk en God en andersyds die middel waardeur die volk spesifieke kennis aangaande God kry. Wat kriteria betref waaraan 'n sentrale begrip moet voldoen, meld Eichrodt niks meer nie – en wat hier gemeld word, staan nie eers eksplisiet in die konteks van kriteria vir 'n sentrale begrip nie. Hierdie gebrek aan kriteria waaraan 'n sentrale begrip moet voldoen, is deur Osborne (1991:283) raakgesien en hy doen ses sodanige kriteria aan die hand:

- 'n sentrale begrip moet die aard/karakter van God beskryf;
- dit moet die volk van God in verhouding tot God, mekaar, ander mense en die wêreld inreken;
- dit moet die mensewêreld as voorwerp van God se verlossende werk insluit;
- dit moet die dialektiese verhouding tussen die twee testamente uitbeeld;
- dit moet die aksente van verskillende literatuursoorte in die Ou Testament kan saamvat – 'n kriterium wat veral belangrik is met betrekking tot die wysheidsliteratuur (Osborne, 1991:283);
- dit moet ruimte laat vir ander sentrale begrippe en 'n balans met ander begrippe bewerkstellig.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat Osborne se voorstel staan in die konteks van wat hy as "Bybelse teologie" beskryf – 'n term wat die Ou en Nuwe Testamente omvat. In hierdie artikel, wat slegs op die wysheidsliteratuur in die Ou Testament fokus, sal nie al hierdie kriteria uiteraard toepaslik wees nie (byvoorbeeld die dialektiese verhouding tussen die twee testamente). Lion-Cachet (1995:565-573) het die volgende as belangrike kriteria gestel: God, sy verhouding met die skepping, sy verhouding met sy volk en sy verlossing. Lion-Cachet (1995:565-573) meld 'n verdere kriterium wat hier as sewende kriterium bygevoeg word (vgl. ook Kaiser, 1978:20):

- dit is belangrik dat 'n sentrale begrip deur die Bybelskrywers self as sodanig beskou word.

Lion-Cachet (1995:564-565) dui aan dat dit moontlik is dat die Ou Testament meer as een openbaringslyn bevat. Hy wys ook daarop

dat die begrip wat die meeste voorkom (kwantiteit) nie noodwendig die hoofopenbaringslyn hoef wees nie. Dit gaan om die waarde (kwaliteit) van wat geopenbaar is. Lion-Cachet waarsku verder teen die gevaar van teologiese voorkeure wat maklik ’n rol in die bepaling van sentrale begrippe kan speel.

Vir die verstaan van die belang van die begrip “vrees van die Here” as ’n sentrale begrip, is dit nodig om op die tweede kriterium hierbo uit te brei. Die mens in verhouding met God sluit ook die mens se antwoord op God se openbaring in.

Westermann (1978:27) wys op die probleem dat die menslike reaksie op God se openbaring van die teologie geskei word. Die gevolg is dat die reaksie as onbelangrik of ondergeskik aan die ander Ou-Testamentiese strukture gesien word. Dit bring volgens Westermann (1978:27) mee dat die mens se reaksie eerder onder ’n etiek of liturgie van die Ou Testament geplaas word.

> If one understands the story told by the Old Testament as an interaction, then the human response becomes one of the three integral parts of the Old Testament and belongs to everything said in the Old Testament about God, from creation to apocalyptic. In all God says and does one needs to ask how people react, since all of God’s acts and speaking is directed towards eliciting a response.

Dit is ook nodig om die vraag te beantwoord of die begrip “vrees van die Here” omvangryk genoeg is om aan die voorgenoemde kriteria te voldoen. Nie alle navorsers sien die begrip “vrees van die Here” as omvattend genoeg nie. Von Rad (1975:215) beskou “die vrees van God” slegs as ’n begrip om gehoorsaamheid aan die wet van God te omskryf. Garrett (1993:10) wys in ’n reaksie op Von Rad op die gevaar van ’n te eng definisie van die godsdiens van Israel. ’n Eng definisie sal daartoe lei dat “die vrees van die Here” as ’n onbelangrike element in Israel se geloof beskou word. Garrett (1993:10) verstaan die begrip “vrees van die Here” as die verhouding van elke individu met God, soos wat dit in elkeen se daaglikse lewe na vore kom.

Smith (1992:10) beperk die betekenis van die begrip “vrees van die Here” sodanig dat dit bloot een van baie reaksies is wat die mens teenoor God kan toon. Hy sluit ook ander betekenisse by hierdie lys van reaksies in, soos byvoorbeeld liefde, diens, gehoorsaamheid, aanbidding, wyse handelinge, morele optrede en om die lewe te geniet. In teenstelling met die siening van Smith kan verwys word na

Whybray (1965:96-97) se beskrywing van die gedagte van “die vrees van die Here”:

> The concept of ‘fearing Yahweh’ thus included every aspect of Israel’s relationship to Him: obedience, loyalty, worship, sacrifice and love ... It is in this sense that Obadiah used it when he said to Elijah, ‘I thy servant, fear Yahweh from my youth’ (1 Kgs 18:12).

Hierdie artikel wil voorts ondersoek tot watter mate die begrip “vrees van die Here” aan die voorgenoemde kriteria voldoen om as ’n sentrale begrip in die wysheidsliteratuur gebruik te word.

## 7. Evaluering van die begrip “vrees van die Here”

### 7.1 Inleiding

In hierdie afdeling word ’n opsomming van die resultate van ’n eksegetiese ondersoek in hierdie verband verstrek en slegs enkele voorbeelde uit die wysheidsliteratuur word weergegee.[1] Alle Bybel-aanhalings is uit die Afrikaanse 1933-Vertaling geneem. In sommige gevalle is meer as een kriterium onder een opskrif aan die orde gestel.

### 7.2. Die teologiese aard van die uitdrukking “vrees van die Here”

In hierdie afdeling word die vraag gevra tot watter mate die begrip “die vrees van die Here” iets aangaande die aard en eienskappe van God meedeel. Dit geskied nie slegs waar hierdie begrip in ’n suiwer teologiese konteks voorkom nie, maar kan onder andere afgelei word uit die menslike reaksie wat binne ander kontekste beskryf word. Hierdie reaksie kan ’n etiese of liturgiese respons insluit. Wanneer gekyk word na die wysheidsliteratuur in die Ou Testament, dan val dit op dat die vrees van die Here in ’n *etiese sin*[2], in ’n *liturgiese sin* (aanbidding)[3] en ook in ’n *teologiese sin* (kennis van God, mens in verhouding met God)[4] gebruik word.

---

1 Vir ’n meer volledige eksegetiese begronding van hierdie resultate en uitgebreide voorbeelde word verwys na Coetzee (2001:77-118).

2 Job 1;1; 1:9; 2:3; 4:6; 15:4; Spreuke 1:29; 3:7; 8:13; 9:10; 10:27-32; 14:2; 19:23; 28:14; 31:30; Prediker 7:18; 8:11-13; 12:13-14.

3 Job 2:3; 15:4; 22:4; Prediker 5:6.

4 Job 1:1; 1:9; 1:29; 6:14; Spreuke 2:5; 3:7; 9:10; 14:2; 14:26-27; 24:21; Prediker 3:14.

Job 1:9 kan hier dien as voorbeeld van 'n etiese en moontlike teologiese gebruik van die gedagte van die "vrees van die Here":

> En die Satan antwoord die Here en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land (Job 1:9).

Die Satan voer in hierdie gedeelte aan dat Job slegs die Here dien, omdat dit vir hom rykdom, voorspoed en veiligheid beteken (Van Zyl, 1993:612). Die motivering vir Job se diens aan die Here word as Job se selfbelang gesien (Simundson, 1986:36). Die vraag in hierdie gedeelte is dus of die mens God kan liefhê en dien ter wille van God self en nie net vir sy gawes nie (Andersen, 1976: 84; vgl. Habel, 1974:18). Die reaksie van Job na die versoekings wat die Satan oor hom gebring het, is egter die optrede van 'n persoon wat steeds sy vrees vir God behou het.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die betrokke begrip hier gebruik word in 'n etiese sin as diens aan die Here. Die begrip word hier ook in verband gebring met die vergeldingsidee en die mens se verhouding met God.

Soos hier onder aangetoon sal word, dien die verwysing na die vrees van die Here in Prediker 5:6 as 'n goeie voorbeeld van die gebruik van die begrip "vrees van die Here" in 'n *liturgiese sin*: "Want soos daar baie drome is, so is daar ook baie nietige woorde in menigte, maar vrees God!"

Cundall (1978:41-42) bespreek hierdie vers as deel van die onderafdeling van Prediker 4:17-6:9. Hierdie onderafdeling van die boek Prediker beskou hy as belangrik, omrede dit hier nie so sterk oor die skeptisisme van die Prediker gaan nie. Die skrywer/redaktor bedink hier meer die tradisionele vorme van die godsdiens wat ook in die Profete weerspieël word. Farmer (1991:167) wys daarop dat die styl hier verander na 'n meer bevelende toon in teenstelling met dié van verslaggewer in die eerste hoofstukke. Die aangehaalde gedeelte vorm deel van twee raadgewinge of bevele wat met 'n spreuk ondersteun word. Vers 6 sal dan 'n spreuk wees wat op die gelofte in verse 4-5 betrekking het.

Die inleidende woorde tot hierdie afdeling in Prediker 4:17 "om nader te kom" beskryf die gesindheid van aanbidding (vgl. Sef. 3:2). Hierdie gesindheid moes ook dié van gehoorsaamheid ingesluit het. Hierdie vereiste by die handeling van aanbidding berus op die verhouding tussen die Almagtige God en die nietige geskape mens.

Dit is in die lig hiervan dat die mens versigtig moet wees wanneer hy/sy die heerlikheid van God betree. Die heiligheid van geloftes wat aan die Here gemaak word, is die tweede onderwerp van hierdie afdeling wat by die eer van en respek vir God aansluit en wat die verwysing na die vrees van die Here in vers 6 insluit (vgl. Pred. 5:2-7). In die lig hiervan wys hierdie teks daarop dat God in sy oneindige grootheid nie met die onverantwoordelike mens se leë beloftes vereenselwig kan word nie (Cundall, 1978:41-42).

Hendry (1970:574) verklaar hierdie gedeelte as 'n reaksie teen die gevaar dat die mens in sy godsdiens net van God gebruik wil maak vir sy eie voordeel. Godsdiens mag nooit mensgesentreerd wees nie; die mens moet die andersheid en verhewenheid van God vrees om God in respek te dien. Woorde wat in die diens aan God gebruik word, mag nooit mensewoorde wees nie – dit moet woorde wees wat deur God gegee is. In hierdie opsig herinner Prediker ook aan Job waar die vriende van Job nie reg oor God gepraat het nie.

Om die aard en eienskappe, mag, heerskappy en heiligheid van God te ken en dan daarvolgens op te tree, maak 'n belangrike deel uit van die betekenis van die vrees van die Here in die wysheidsliteratuur. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die begrip "vrees van die Here" dus wel aansluit by en iets meer vertel aangaande die aard en eienskappe van God.

## 7.3 Die volk van God in verhouding met God, mekaar, ander mense en die wêreld

As gevolg van onder andere die universele aard van die wysheidsliteratuur funksioneer Israel as die volk van God nie baie prominent in die wysheidsliteratuur nie. Navorsers is dit egter eens dat in die res van die Ou Testament die begrip "vrees van die Here" wel dikwels met die volk van God in verband staan (Merrill, 1996:249). Die vrees van God word gebruik in die konteks van die verbond waarvolgens God eer, respek en gehoorsaamheid van sy volk verwag (Merrill, 1996:249). God se seën oor sy volk moet ook tot vrees by ander nasies lei. Vanuit Israel se perspektief vervul God se magtige dade in die geskiedenis die volke buite Israel met vrees. Israel self is ook bevrees voor God se wonderdade in die geskiedenis (vgl. Eks. 15:14-15) (Oosterhoff, 1949:113). Hierdie vrees of skrik vir God by die ander nasies kom duidelik na vore met die verowering van die beloofde land. God laat die skrik vir sy volk op die nasies val (Jos. 2:11). Wanneer God sy volk uit ballingskap verlos, vul dit die volke met angs vir God (Miga 7:17) (Fuhs, 1990: 303).

Dit is ook belangrik om in hierdie verband op te merk dat 'n onderskeid gemaak kan word tussen die vrees van die godvresende en die vrees van die goddelose. Die vrees van die goddelose is vrees vir God se oordeel, terwyl dié van sy volk eer, respek en ontsag impliseer (Merrill, 1996:249).

Dit blyk dus dat die begrip "vrees van die Here" betrekking het op die verhouding van die volk met God en ander mense. Job 1:21 bring die vrees van die Here baie sterk in verband met menseverhoudings. Die natuurbeelde in veral Job 38-41 getuig van God se grootheid en heerskappy wat nóú by die vrees van die Here aansluit (Van Zyl, 1993:648; Habel, 1975:226).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat alhoewel die volk van God as gevolg van die universele aard van die wysheidsliteratuur nie sterk in dié literatuur funksioneer nie, die vrees van die Here in die Ou Testament wel met die volk van God in verband staan. In die wysheidsliteratuur is dit nie noodwendig net die Israeliete wat God se mense is nie, maar dié wat die Here vrees. In hierdie sin voldoen "vrees van die Here" in die wysheidsliteratuur aan die gestelde kriterium dat dit iets moet weergee van die verhouding tussen die volk van God enersyds en God, mekaar, ander en die wêreld andersyds.

## 7.4 Die mens en God se verlossing

Dit is opvallend dat die vrees van die Here in al drie wysheidsboeke sterk in verband met die vergeldingsleer gebruik word (vgl. Job 1:9; 2:3; 4:6; 22:4; Spreuke 10:27-32; 14:26-27; 22:3-6; 28:14; Prediker 7:18; 8:11-13). Die vergeldingsleer staan in verband met God se seën en oordeel. Alhoewel Job en Prediker reageer teen die verwagting dat die vrees van die Here voorspoed verseker, bly die vrees van die Here noodsaaklik vir die regte verhouding met God. In Prediker 8:12-13 word godvresendes met sondaars gekontrasteer. In Spreuke 16:6 word die vrees van die Here met sondevergifnis en die verbond in verband gebring: "Deur liefde en trou word die skuld versoen, en deur die vrees van die Here wyk 'n mens af van die kwaad."

Die perikoop waarin Spreuke 16:6 voorkom, begin met vers 1 en eindig met vers 9 wat albei die verhewenheid van die Here teenoor die menslike lewe op aarde beklemtoon. Verse 2-4 brei verder hierop uit deurdat die Here voorgestel word as dié een met volkome kennis van menslike motiewe (v. 2), en Hy sal sukses gee aan dié wat hulle planne aan Hom onderwerp (v. 3). Verse 5-7 beskryf hoe

God met die mens handel. God sal die goddeloses en trotses straf. God sal vrede gee en hulle beskerm wat volgens sy behae lewe. Al hierdie aspekte sluit aan by Spreuke 15:33 se gedagte van lering (instruksie). In hierdie twee hoofstukke vind ons dus 'n teologiese kompendium wat moontlik volgens Whybray (1994:239) doelbewus die sentrale plek in die boek verkry het.

Lee (1982:289) wys daarop dat getrouheid en liefde met die vrees van die Here in verband gebring word. Liefde en trou gaan oor 'n innerlike en uiterlike agting van die Here se bevele (McKane, 1970: 498). Liefde en trou word ook in Spreuke 3:3-4 genoem. Walls (1970:553) sien liefde as verbondsliefde tussen God en die mens. Hierdie begrippe dui almal op die regte verhouding tussen God en die mens.

Die vrees van die Here staan dus ook in verband met die mens se regte verhouding met God. Hierdie verhouding word met die vergifnis en oorwinning oor sonde in verband gebring. Spreuke 16:6 beklemtoon God se vergifnis, waaraan die voorwaarde gekoppel is dat die mens God in geloof en getrouheid moet dien (Wolf, 1985: 968).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die begrip "vrees van die Here" ook aan die kriterium voldoen dat dit lig moet werp op God se verlossing van die mens.

### 7.5 Die uitdrukking, "vrees van die Here" en ander literatuursoorte

Op grond van hierdie artikel se begrensing tot die wysheidsliteratuur is dit nie moontlik om hierdie kriterium volledig te toets nie. Die ondersoek gee egter 'n goeie aanduiding dat die begrip in ander literatuur moontlik sentraal kan staan.

Die debat oor die ontwikkeling van die begrip is hier belangrik. Fuhs (1990:297-298) is van mening dat die begrip nie 'n drastiese historiese ontwikkeling ondergaan het wat die indeling van die begrip in verskillende tydperke regverdig nie. Die moontlikheid kan daarom nie uitgesluit word dat die begrip wel sinvol aangewend kan word om die verskillende literatuursoorte van die Ou Testament met mekaar in verband te bring nie – in besonder die wysheidsliteratuur met die res van die Ou Testament.

In hierdie artikel word gefokus op die posisie wat die begrip "vrees van die Here" in die wysheidstradisie inneem. 'n Studie van die begrip in die res van die Ou Testament moet nie net op die

betekenis van die begrip fokus nie, maar ook op hoe sentraal al dan nie, die begrip in die betrokke boek funksioneer.

’n Voorbeeld uit die boek Jona word in hierdie verband voorgehou. Navorsers het al daarop gewys dat die begrip “vrees van die Here” baie prominent in die boek Jona funksioneer (vgl. Deist, 1981:18). In Jona word die optrede van Jona gekontrasteer met die matrose en Nineviete. Die matrose en die Nineviete reageer op grond van die vreesmotief teenoor God. Die storm op see laat die matrose vrees (Jona 1:5). Wanneer hulle hoor van die rede vir Jona se vlug, vrees hulle (Jona 1:10) en wanneer die storm bedaar, vrees hulle die Here met ’n groot vrees (Jona 1:16) en begin offers bring. In die geloofbelydenis van Jona (Jona 1:16) word die begrip ook gebruik. Deist (1981:18) toon aan dat met inagneming van die konsentriese opbou, hierdie belydenis in die sentrum geplaas is. Die hele perikoop van Jona 1:4-2:10 kan dus in die lig van die vrees van die Here geïnterpreteer word (Nel, 1990:326).

Die ondersoek wat hierdie artikel onderlê, het ook implikasies vir die eksegese van die Ou Testament, omdat die metodologie waarmee die eksegeet werk, die interpretasie uiteindelik beïnvloed. Die eksegeet werk ook vanuit ’n literêr-kritiese hoek deur spesifiek op te let na die (strukturele) plasing van die begrip “vrees van die Here” in ander Ou-Testamentiese boeke wat as ’n aanduiding kan dien dat hierdie begrip moontlik in die boek beklemtoon word.

Alhoewel die kriterium rondom die funksionering van hierdie begrip in ander literatuursoorte as gevolg van die afbakening van hierdie artikel nie volledig getoets kan word nie, kan die moontlikheid nie uitgesluit word dat die begrip by verdere toetsing ook aan hierdie kriterium sal kan voldoen nie.

### 7.6 Ander sentrale begrippe

Navorsers het die feit dat die begrip “vrees van die Here” met ander begrippe in verband staan, reeds raakgesien. Murphy (1998:255) wys daarop dat die begrip “vrees van die Here” besonders is as gevolg van die begrip se vermoë om nuanses van ander begrippe te vertoon. Meinhold (1991:44-47, 529) glo dat die begrip “vrees van die Here” al die belangrikste teologiese idees in Spreuke by mekaar bring (vgl. Whybray, 1995:140).

In die wysheidsliteratuur staan hierdie begrip veral in verband met *wysheid*[5] en die *vergeldingsleer*[6]. Dit is opvallend dat die vrees van

5 Job 28:28; 37:24; Spreuke 1:7; 1:29; 14:2; 31:30; Prediker 3:14; 7:18.

die Here belangriker as wysheid voorgehou word en dien as grondslag vir wysheid.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die begrip “vrees van die Here” wel ruimte laat vir ander begrippe en trouens in verband daarmee gebruik word.

## 7.7 Die “vrees van die Here” in die oë van Bybelskrywers

Die laaste kriterium waaraan die begrip “die vrees van die Here” getoets word, is watter rol dit by die skrywers/redaktors van die wysheidsliteratuur speel. Die metode wat hier gevolg word, is om vanuit die bestudering van die struktuur van gedeeltes te bepaal of verwysings na “die vrees van die Here” in spesifieke dele van die boeke van die wysheidsliteratuur voorkom. Omdat die vertolking van struktuur subjektief kan wees, is dit ook belangrik dat hierdie bevindings deur ander navorsers en ook aan die bewoording van die teks self getoets moet word.

Verwysings wat moontlik geplaas is om klem te dra in die boek Job, sluit in Job 1:1 (aan die begin van die proloog) en Job 28:28 (aan die einde van die lied van die wysheid). Die feit dat in al drie gesprekke van Elifas van vroomheid sprake is (Job 4:6; 15:4; 22:4) is ook belangrik.

Gedeeltes wat moontlik klem dra in die boek Spreuke sluit in Spreuke 1:7 (aan die einde van die inleiding tot die boek Spreuke), Spreuke 9:10 (by wyse van *inclusio* verwysend na Spreuke 1:7), Spreuke 14:2; 15:16-17; 16:6 (hierdie verwysings is in die sentrale gedeelte van die boek Spreuke en word deur navorsers as die teologiese swaartepunt van die boek beskou op grond van die hoë konsentrasie Jahwehspreuke) en Spreuke 31:30 (deel van die lied oor die deugsame vrou wat dien as ’n slot vir die hele boek).

In die boek Prediker is dit veral die slot, Prediker 12:13-14, wat ’n belangrike konteks vorm.

Die bewoording van Job 28:28; Spreuke 1:7; 9:10 en Prediker 12:13-14 bevestig dat die begrip “vrees van die Here” moontlik beklemtoon is deur die skrywer/redaktors van die boeke van die wysheidsliteratuur. Ter stawing van die argument word een van hierdie tekste (Spreuke 1:7a) in meer diepgang bestudeer.

---

6 Job 1:9; 2:3; 4:6; 22:4; Spreuke 10:27; 14:26-27; 22:3-6; 28:14.

- **“Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis”**

Die Hebreeuse woord wat met “beginsel” vertaal word, רֵאשִׁית, sluit sowel die gedagte van ’n beginpunt as die essensie in. Die woord beteken “hoof” en kan ook dui op die uiteindelike doel van alles (Jones, 1961:58). Garrett (1993:54) is van mening dat die woord nie net geïnterpreteer moet word as dat die vrees van die Here deel van die wysheid is of die belangrikste is nie, maar dat die soeke na wysheid nie eers kan begin sonder die vrees van die Here nie. Die vrees van die Here is dus onontbeerlik vir die soeke na wysheid. Kidner (1964:59) is van mening dat wanneer gepraat word van die vrees van die Here as beginpunt, dit beteken dat die vrees van die Here die beherende beginsel is en nie slegs ’n beginstadium, wat agtergelaat word nie. Hierdie interpretasie het die implikasie dat alle elemente van die wysheidstradisie in die lig van die vrees van die Here geïnterpreteer moet word. Dit is belangrik dat wysheid nie aan die vrees van die Here gelykgestel word nie. Die vrees van die Here staan steeds voorop.

Dat die begrip “vrees van die Here” sentraal was in die gedagte van redaktors van die wysheidsliteratuur word ook deur sommige navorsers bevestig. Wilson (1995:61-62) is van mening dat die hele boek Spreuke gelees moet word in die lig van die voorskrifte van Spreuke 1-9 as inleiding. Dit is belangrik dat verwysings na die vrees van die Here prominent aan die begin en einde van Spreuke 1-9 geplaas is. Hy beskou ook die verwysing in Spreuke 31:10-31 as belangrik. Wilson (1995:63) sluit Prediker 12:13 in by verwysings na die vrees van die Here in beklemtoonde kontekste. Wilson merk ook op dat wat verwysings na die vrees van die Here betref, dit nie die aantal is wat belangrik is nie, maar die kontekste waarbinne dit geplaas word.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat wat die toetsing van die begrip “vrees van die Here” aan hierdie kriterium betref, daar genoeg getuienis is dat die begrip moontlik wel sentraal gestaan het in die gedagtegang van die redaktors van die wysheidsliteratuur.

## 8. Gevolgtrekking

Alhoewel hierdie artikel nie op die oog het om ’n finale en omvangryke antwoord in hierdie verband te bied nie, blyk dit dat die begrip “die vrees van die Here” beantwoord aan die kriteria vir ’n sentrale begrip soos hoofsaaklik gestel deur Osborne (1991). Daar is verder aangedui dat die skrywers/redaktors van die wysheidsliteratuur hierdie begrip doelbewus sentraal in sommige kontekste

geplaas het. Dit is duidelik dat die begrip "die vrees van die Here" 'n belangrike begrip in die Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur is en dat daar 'n behoefte bestaan vir verdere navorsing aangaande die voorkoms van hierdie begrip in die res van die Ou Testament. 'n Meer omvattende studie van die begrip in die res van die Ou Testament kan 'n belangrike bydrae lewer tot 'n beter verstaan van 'n sentrale boodskap in die Ou Testament.

## Geraadpleegde bronne


ANDERSEN, F.I. 1976. Job (Tyndale). Downers Grove: Inter-Varsity.

BARTH, C. 1991. God with us. Grand Rapids: Eerdmans.

BECKER, J. 1965. Gottesfurcht im Alten Testament. Rome: Pontifical Biblical Institute.

BULLOCK, C.H. 1979. An introduction to the Old Testament poetic books. Chicago: Moody Press.

CHILDS, B.S. 1985. Old Testament theology in a canononical context. Philadelphia: Fortress.

CLEMENTS, R.E. 1990. Wisdom for a changing world: Wisdom in Old Testament theology. Berkely: Bibal Press.

CUNDALL, A.E. 1978. Understanding the Old Testament. London: Scripture Union.

DEIST, F.E. 1981. Die God van Jona. Kaapstad: Tafelberg.

DEROUSSEAUX, L. 1970. La crainte de Dieu dans l' Ancien Testament. Paris: Cerf.

DOUGLAS, J.D. 1982. *Fear*. (*In* Douglas, J.D., *ed*. New Bible Dictionary. 2nd ed. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 373-374.)

DYRNESS, W. 1979. Themes in Old Testament Theology. Illinois: Inter-Varsity.

EICHRODT, W. 1961. Theology of the Old Testament. Vol. 1. London: SCM.

EICHRODT, W. 1967. Theology of the Old Testament. Vol. 2. London: SCM.

FARMER, K.A. 1991. Proverbs and Ecclesiastes. Grand Rapids: Eerdmans.

FOHRER, G. 1966. The centre of a theology of the Old Testament. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 7(1):198-206.

FOHRER, G. 1968. Introduction to the Old Testament. London: S.P.C.K.

FOHRER, G. 1972. Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments. Berlin: De Gruyter.

FUHS, H.F. 1990. ירא yara; ירא yare; יראה yir'a; מורא mora. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. A theological dictionary of the Old Testament. Grand Rapids: Eerdmans. p. 290-315.)

FUNDERBURK, G.B. 1976. *Fear*. (*In* Tenney, M.C., *ed*. The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible. Vol. 2. p. 518-521.)

GARRETT, D.A. 1993. Proverbs, Ecclesiastes, Song of Songs. Nashville: Broadman.

HABEL, J.E. 1975. The Book of Job. London: Cambridge University Press.

HASEL, G.F. 1991. Old Testament theology: Basic issues in the current debate. Grand Rapids: Eerdmans.

HENDRY, G.S. 1970. Ecclesiastes. (*In* Guthrie, D., *ed*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity. p. 570-578.)

HØGENHAVEN, J. 1988. Problems and prospects of Old Testament theology. Sheffield: JSOT.

JONES, E. 1961. Proverbs and Ecclesiastes. New York: Macmillan.
KAISER, W.C. 1978a. Toward an Old Testament theology. Grand Rapids: Zondervan.
KAISER, W.C. 1978b. Wisdom theology and the centre of Old Testament theology. *Trinity Journal*, 13(1):132-146.
KIDNER, D. 1964. The wisdom of Proverbs, Job and Ecclesiastes: An introduction to wisdom literature. Downers Grove: Inter-Varsity.
LEE, G.A. 1982. Fear. (*In* Bromiley, G.W., *ed*. The international standard Bible encyclopedia, 2:289-292.)
LOADER, J.A. 2000. Hebrew Bible introduction and Old Testament theology design. *Old Testament Essays*, 12(2):186-203.
LION-CACHET, F.N. 1995. Die sentrale openbaring in die Ou Testament en die Christelike grondslag van die Potchefstroomse Universiteit. *Koers*, 60(4): 563-577.
MARTIN, J.D. 1995. Proverbs. Sheffield: Sheffield Academic Press.
McKANE, W. 1970. Proverbs. London: SCM.
MEINHOLD, A. 1991. Die Spruche, 2 Bande (Züricher Bibelkommentare AT 12.) Zürich: Theologischer Verlag.
MERRILL, E.H. 1996. *Fear*. (*In* Elwell, W.A., *ed*. Evangelical dictionary of Biblical theology. Grand Rapids: Baker. p. 248-249.)
MURPHY, R.E. 1976. A consideration of the classification, “wisdom Psalms” (*In* Orlinsky, M. *et al*. Studies in ancient Israelite wisdom. New York: Ktav. p. 456-467.)
MURPHY, R.E. 1998. Proverbs (Word Biblical commentary.) Nashville: Thomas Nelson.
NEL, P.J. 1990. Jona en ’n nuwe paradigma. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(4):316-330.
OOSTERHOFF, B.J. 1949. De vreze des Heren in het oude Testament. Utrecht: Kenmink & Zoon.
OSBORNE, G.R. 1991. The hermeneutical spiral. Downers Grove: Inter-Varsity.
PLATH, S. 1963. Furcht Gottes: Der Begriff yr’ im Alten Testament. Stuttgart: Calwer.
PRINSLOO, W.S. 1987. Ou Testament teologie vandag. (*In* Prinsloo, W.S. & Vosloo, W., *reds*. Ou Testament teologie: Gister, vandag en môre. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 29-46.)
PRINSLOO, G.T.M. 1994. Die rol van Ou Testament teologie in die prediking. *Skrif en Kerk*, 15(2):358-376.
SELLIN, E. 1936. Theologie des Alten Testaments. Leipzig: Quelle & Meyer.
SEOW, C.L. 1997. Ecclesiastes (Anchor Bible). New York: Doubleday.
SIMUNDSON, D.J. 1986. The message of Job. Minneapolis: Ausburg.
SMITH, G.V. 1992. Is there a place for Job’s wisdom in Old Testament theology. *Trinity Journal*, 13(1):3-20.
SNYMAN, S.D. 1994. Some recent methodological developments in Old Testament theology. (*In* Mouton, J., *ed*. The relevance of theology for the 1990s. Pretoria: HSRC. p. 209-222.)
SPANGENBERG, I.J.J. 1992. Old Testament theology and wisdom literature. *Theologia Evangelica*, 25(1):2-7.
STÄHLI, H.P. 1971. ירא jr’ *fürchten*. (*In* Westermann, C. & Jenni, E., *hrsg*. Theologisches Handwörtenbuch zum Alten Testament. München: Kaiser. p. 765-778.)

VAN WYK, W.C. 1989. Die relevansie van die boek Prediker. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(3):557-572.

VAN ZYL, A.H. 1993. Job. (*In* Van Zyl, A.H., *ed*. Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 611-653.)

VON RAD, G. 1975. Old Testament theology, 2 volumes. London: SCM.

VREEKAMP, H. 1982. De vrese des Heren. Utrecht: Kenmink & Zoon.

VRIEZEN, T.C. 1958. An outline of Old Testament theology. Oxford: Blackwell.

WALLS, A.F. 1970. Proverbs. (*In* Guthree, D., *ed*. New Bible commentary. Leicester: Inter-Varsity. p. 550-569.)

WESTERMANN, C. 1978. Elements of an Old Testament theology. Atlanta: John Knox.

WHYBRAY, R.N. 1965. Wisdom in Proverbs. London: SCM.

WHYBRAY, R.N. 1994. Proverbs. Grand Rapids: Eerdmans.

WHYBRAY, R.N. 1995. The book of Proverbs. New York: Brill.

WILSON, L. 1995. The book Job and the fear of God. *Tyndale Bulletin*, 46(1):59-79.

WOLF, H. 1985. Proverbs. (*In* Barker, K., *ed*. The NIV Study Bible. Grand Rapids: Zondervan. p. 942-990.)

**Kernbegrippe:**

Ou-Testamentiese teologie – metodologie
vrees van die Here
wysheidsliteratuur

**Key concepts:**

fear of the Lord
Old Testament theology – methodology
wisdom literature